# BYLAAG E: SOSIALE MEDIA-, KUNSMATIGE INTELLIGENSIE- EN DIGITALE GEDRAGSBELEID

## 1. Toepassing

1.1. Hierdie beleid vorm deel van die skool se gedragskode en moet saam met die Selfoonbeleid gelees word.

1.2. Die beleid geld vir alle leerders, personeel en ouers wat op enige wyse met die skool geassosieer word.

1.3. Dit dek aanlyn en digitale gedrag wat die skool, sy personeel, leerders of die breër skoolgemeenskap raak, hetsy direk of indirek.

1.4. Alle partye word verwag om die waardes van respek, verantwoordelikheid en integriteit ook in hul aanlyn gedrag na te kom.

## 2. Doel

2.1. Die doel van hierdie beleid is om verantwoordelike, respekvolle en veilige gebruik van sosiale media, kunsmatige intelligensie en digitale platforms te bevorder.

2.2. Die beleid stel riglyne vir digitale optrede wat in lyn is met die skool se waardes en poog om te verseker dat aanlyn gedrag nie die reputasie van die skool of die waardigheid van enige individu skaad nie.

## 3. Beginsels vir Digitale Gedrag

3.1. Alle leerders, personeel en ouers word verwag om in alle digitale interaksies die Affie-waardes te handhaaf.

3.2. Digitale platforms moet met dieselfde selfdissipline, respek en verantwoordelikheid gebruik word as in persoonlike omgang.

3.3. Enige gedrag wat ander se menswaardigheid, privaatheid of veiligheid benadeel of die skool in diskrediet bring, sal as ernstige oortreding beskou word.

## 4. Gebruik van Sosiale Media

4.1. Sosiale media moet verantwoordelik gebruik word. Die volgende riglyne geld:

- 4.1.1. Geen persoon mag enige inhoud plaas, versprei of deel wat onwaar, beledigend, diskriminerend, aanstootlik of immoreel is nie.
- 4.1.2. Geen foto's, video's of opnames van personeel, leerders of skoolaktiwiteite mag sonder toepaslike toestemming geplaas of versprei word nie.
- 4.1.3. Enige aanlyn gedrag wat die skool, sy personeel of enige leerder in diskrediet bring of skade berokken, is streng verbode.

4.1.4. Persone moet hulle daarvan weerhou om aanlyn te reageer op ‘n wyse wat konflik vererger of die skool se beeld benadeel.

4.1.5. Die gebruik van sosiale media op skoolgronde of tydens skoolure is onderhewig aan die bepalings van die Selfoonbeleid.

**5. Skool se Reputasie en Identiteit**

5.1. Die skool se naam, embleem en identiteit moet met respek hanteer word. Geen persoon mag op enige digitale platform:

5.1.1. hom- of haarself as ‘n amptelike verteenwoordiger van die skool voordoen nie;

5.1.2. die skool se logo, naam of amptelike beelde gebruik sonder toestemming van die skoolhoof nie; of

5.1.3. enige gedrag openbaar wat die beeld, reputasie of integriteit van die skool kan skaad nie.

**6. Privaatheid en Digitale Veiligheid**

6.1. Alle persone moet verantwoordelik omgaan met hul eie en ander se inligting. Die volgende reëls geld:

6.1.1. Moenie persoonlike besonderhede van jouself of ander aanlyn deel sonder toestemming nie.

6.1.2. Moenie aanlyn groepe of platforms stig of daaraan deelneem wat ander uitsluit, teiken of beledig nie.

6.1.3. Enige vorm van kuberboeliegedrag, teistering of afknouery sal as ernstige wangedrag ingevolge die gedragskode beskou word.

6.1.4. Enige voorval van digitale misbruik of teistering moet onmiddellik by ’n personeellid, graadvoog, adjunkhoof of die koshuisvader gerapporteer word.

**7. Skoolverwante Digitale Kommunikasie**

7.1. Wanneer leerders, personeel of ouers aanlyn kommunikeer oor skoolverwante sake (soos akademie, sport of kultuur), moet dit professioneel en respekvol geskied.

7.2. Digitale kommunikasie met personeel moet uitsluitlik via goedgekeurde platforms plaasvind.

7.3. Onprofessionele, beledigende of onvanpaste taal of inhoud in hierdie konteks is ontoelaatbaar en sal dissiplinêr hanteer word.

**8. Kunsmatige Intelligensie (KI) en Digitale Etiek**

8.1. Die gebruik van Kunsmatige Intelligensie (KI) bring waardevolle leergeleenthede, maar hou ook ernstige etiese en regsimplikasies in indien dit misbruik word.

8.2. Die volgende riglyne geld:

8.2.1. Leerders mag nie Kunsmatige Intelligensie gebruik om enige akademiese of ander opdragte te voltooi sonder behoorlike erkenning van die bron nie.

8.2.2. Die indiening van werk wat deur Kunsmatige Intelligensie geskep is asof dit eie werk is, word as akademiese oneerlikheid beskou en sal as ernstige wangedrag hanteer word.

8.2.3. Geen persoon mag Kunsmatige Intelligensie of enige ander digitale tegnologie gebruik om beelde, video's of stemme van ander (insluitend personeel of leerders) te manipuleer, verander of vervals nie.

8.2.4. Die skep of verspreiding van enige gemanipuleerde digitale inhoud wat die waardigheid, privaatheid of reputasie van 'n ander persoon benadeel, sal as 'n ernstige oortreding beskou word en kan regsoptrede tot gevolg hê.

8.2.5. Alle partye word aangemoedig om Kunsmatige Intelligensie verantwoordelik te gebruik, met respek vir waarheid, menswaardigheid en die regte van ander.

## 9. Dissiplinêre Gevolge

9.1. Enige oortreding van hierdie beleid deur leerders sal as ernstige wangedrag beskou word en ingevolge die bepalings van die skool se Gedragskode hanteer word.

9.2. Enige oortreding van hierdie beleid deur personeel of ouers sal as 'n ernstige aangeleentheid ondersoek word en die skool behou sy regte voor om op die gepaste wyse teenoor die betrokke party op te tree.